# KINDERKERK LES: Wat doen die Heilige Gees?

**Doel van les:**

Vandag leer ons hoe die Heilige Gees ons help om kinders van God te wees.

**YSBREKER: Rooiliggie S-T-O-P:** Laat die kinders aan die een kant van vertrek staan en jy aan die ander kant. Kinders moet nou saggies, sonder om te hardloop, nader kom terwyl jy STOP uitspel. Sodra jy stop gesê het, draai om en die kinders moet vries. Die een wat jy sien beweeg, is uit. Hou aan met spel en omdraai tot iemand aan jou raak. Speel soveel rondtes as wat jy wil.

**KOMPAS EN KAART**

- Wanneer ons op 'n uitstappie gaan, en ons weet nie lekker hoe om daar te kom nie, wat gebruik ons om ons te help?
- 'n Kaart en 'n kompas – wat doen die kaart? Dit wys vir ons presies wat ons moet doen om daar te kom, watter pad ons moet ry, en waar ons moet draai of stop.
- Die kompas wys vir ons in watter rigting om te ry – die kant toe of daai kant toe.
- Wanneer ek die dag my hartjie vir Jesus gee, het ek my Bybel nodig – die sê vir my WAT om te doen
- En dan gee Jesus die Heilige Gees in my hartjie wat my leer HOE om dit te doen.

**Praktiese aktiwiteit**:

- Ons gaan gou bietjie kyk hoe dit werk.
- Elke groepie gaan 'n kaart van die kinderkerk kry, wat vir jou gaan sê wat weggesteek is (soos die Bybel vir ons help).
- Elke groepie gaan 'n oom of tannie hê wat vir hulle gaan help HOE om daar uit te kom (soos die Kompas , die Heilige Gees vir ons help)

**PADTEKENS**:

- (ons beweeg nou deur die kinderkerk, orals langs die 'pad' is daar padtekens wat ons moet gehoorsaam en verduidelik wat dit is – hoe dit werk – en dit 'link' met die werk van die Heilige Gees)
- Raait, nou weet ons hoe werk die kaart (Bybel), en hoe werk die kompas (Heilige Gees)
- Ons is nou reg om op ons uitstappie te gaan.

**STOPTEKEN:**

- O gaats, wat is dit hier voor ons? 'n Padteken!
- Wie weet wat hierdie padteken beteken? Dis reg, ons moet STOP -
- Hoekom moet ons stop? Dis reg, ons moet kyk of daar karre aankom, of dalk ander mense
- Wat gaan gebeur as ons nie stop nie en daar kom 'n kar aan? Ons kan seerkry.
- En dis soos die Heilige Gees maak – partykeer is Hy vir ons soos 'n STOP teken - Hy weet wanneer iets ons kan seermaak, en dan hier binne – in ons hartjies weet ons Hy sê ons moet

STOP en iets nie doen nie – OMDAT Hy nie wil hê dat ons moet seerkry nie!!!!
- Kom ons kyk of daar karre of mense aankom – dis skoon, ons kan maar loop!!!

**DO NOT ENTER:**
- Nog 'n padteken – wie weet wat hierdie een beteken?
- Dis reg, jy mag nie hier ingaan nie – hoekom dink julle is daar so teken?
- Dis om ons veilig te hou – hierdie teken sê eintlik MOENIE!!!
- Kom ons dink gou aan 'n paar goed waaroor die Heilige Gees kan sê NEE MOENIE!! (lelik wees met mamma /pappa / juffrou / maatjie / boetie / sussie – baklei – afkyk in 'n toets – iets vat wat nie joune is nie)

**ROBOT**:
- Sjoe, weer 'n padteken – wat is hierdie ? 'n Robot
- Watter 3 kleure het die robot? En wat beteken elke kleur? Ken julle die liedjie oor die robot se kleure?

**Kom ons sing dit gou:**
Ek ry met my motorkar en saam ry ook my pop
En as ek by die rooilig kom dan weet ek ek moet stop.
Stop sê die rooilig, ry sê die groenlig, oppas sê die geel lig,
Oppas wat jy doen.

**ROOI – Stop:**
- So wanneer die Heilige Gees die rooi lig vir ons gee – beteken dit ons moet STOP – waarmee moet ons STOP? *Voorbeelde:* ophou baklei, ophou lelik wees, ophou lelik praat,

**GEEL – Oppas:**
- Wanneer die Heilige Gees die geel lig vir ons gee – beteken dit ons moet VERSIGTIG wees , OPPAS – om ons veilig te hou – kan julle aan 'n paar voorbeelde dink, of iets wat al met julle gebeur het?

**GROEN – Ry:**
- Die groen lig van die Heilige Gees beteken Hy sê daar is iets wat Hy wil hê ons moet doen. *Voorbeelde*: vertel maatjie van Jesus, troos 'n maatjie wat seergekry het, sit by 'n maatjie wat alleen is, deel jou broodjies met 'n maatjie wat nie het nie.

Sodra kinders by ander kant van kinderkerk kom, kan hulle stokkielekker kry wat aandui dat hulle gekom het waar hulle moet wees.

**Praktiese aktwiteit**: elke kind maak sy/haar eie robot

Sluit af met gebed.